

Belangrike datums wat julle dié kwartaal moet onthou:

Moedersdag - 10 Mei

Vadersdag - 14 Junie

Gesamentlike Kinderdiens - 21 Junie


(Onthou om Pappa en Mamma saam te bring, sodat julle bymekaar kan sit in die Kerk.)

Daar is weer baie langnaweke en dan het ons nie Kategese nie, maar julle is nog altyd welkom om Kerk toe te kom!

Kontaknommers:

Tannie Lita - 082 453 8421

Tannie Malinda - 076 8600 905



## Liewe Maats

En daar is ons al weer in die tweede kwartaal! Sjoe, maar die tyd vlieg darem gou verby! Ek hoop julle het almal baie goed gedoen in julle toetse en sommer baie lekker vakansie gehou!

Hierdie tyd van die jaar is nogal amper soos Kersfees, want die winkels blink mos sommer so van die paaseiers en -hasies, dat mens skoon lus kry om 'n karretjie vol sjokolade te koop en huis toe te neem!

Maar wie van julle weet wat die storie agter die paashaas en die paaseiers is? En wat beteken Paasfees vir ons wat kinders van God is?

Ek gaan julle gou-gou bietjie vertel....

Baie liefde

Tannie Lita



Die gebruik van paaseiers en die paashaas wat kamma die eiers bring, is sommer net 'n speletjie wat ons deesdae speel ter wille van die kinders. Eintlik het dit niks met Paasfees te doen nie en is dit 'n ou heidense gebruik waar die geboorte van die aarde gevier is tydens die lentefeeste (die eiers is 'n teken van nuwe lewe). Julle kan verder daarvoor lees op die internet: [http://en.wikipedia.org/wiki/Easter\\_eggs](http://en.wikipedia.org/wiki/Easter_eggs)

Net soos ek julle oor Kersvader vertel het, is die paashaas ook maar net 'n karakter wat kamma die paaseiers bring - eintlik is dit mos Mamma en Pappa wat die paaseiers koop. Party gesinne vier paasfees deur die paaseiers dan in die tuin weg te steek, sodat die kinders dit moet soek. Ander versier weer eiers deur dit te verf en mooi te maak.

Vir ons wat kinders van God is, beteken Paasfees heeltemal iets anders (al eet ons ook paaseiers en "hot cross buns")! Sjokolade is mos lekker!

Op **Goeie Vrydag** herdenk ons die **kruisdood** van Jesus en op **Paassondag Sy opstanding**. Hierdie tyd is vir ons amper belangriker as Kersfees, want as Jesus nie bereid was om vir ons te sterf nie, het ons geen vooruitsig op die ewige lewe gehad nie.

Maar nou weet ons: **Jesus het opgestaan!**

Hy leef en ons is dus gewaarborg om vir altyd en altyd saam met Hom te leef!

Die belangrikste is dat ons dit glo en ons harte aan Jesus gee.

Hy het reeds alles vir ons gedoen, ons moet net "Ja" sê!

Hier is vir die kleintjies 'n prentjie om in te kleur - julle wat groter is, kan dit ook doen!

